NGUNI Beestelersgenootskap
Cattle Breeder's Society

Tel: 051 448 7302/3 • Fax: 051 448 7304
Posbus/P.O. Box 506 Bloemfontein 9300
Email: info@ngunicattle.info • Web: www.ngunicattle.info

VOORWAARDES VIR VEILINGS ONDER BESKERMING VAN DIE NGUNI BEESTELERSGENOOTSKAP

Nguni stoetteling wat onderhewig is aan die bepalings van die Diereverbeteringswet, vind plaas onder die vaandel van die Nguni Beestelersgenootskap. Daarom behou die Genootskap hom die reg voor om kontroles volgens bepaalde prosedures uit te oefen ten opsigte van Ouerskap inligting, Prestasiedata en Beraamde Teelwaardes.

Ouerskap inligting, Prestasiedata en Beraamde Teelwaardes soos deur die teler voorsien vir die doel van hierdie katalogus, is gekontroleer en vergelyk met die amptelike databasis soos gehou op die databasis van die Genootskap se amptelike Registrerende Owerheid, SA Stamboek. Die Nguni Beestelersgenootskap bevestig dus die korrektheid van sodanige inligting.

Alhoewel die kontroles na die beste wete van die Genootskap gedoen is, kan die Genootskap egter nie verantwoordelik gehou word vir foutiewe inligting as gevolg van drukkersfoute nie.

Diere wat op hierdie veilings aangebied word, is onderwerp aan ‘n proses van visuele inspeksie deur Keurders van Die Nguni Beestelersgenootskap en voldoen aan die Nguni Minimum Rasstandaarde soos bepaal deur die Genootskap.

In terme van die vereistes vir die verkoop van diere onder die beskerming van die Nguni Beestelersgenootskap, moet bulle wat op die veiling aangebied word binne drie maande voor die veiling deur ‘n veeaarts getoets word vir geslagsgeskiktheid (Eksterne genitalië, Interne genitalië (rektaal ondersoek), Makro- en mikroskopiese evaluasie van semenmonster) en negatief getoets word vir Trichomoniase, Vibriose, BM en TB. Telers word aangeraai om tot en met die veiling bulle wat wel getoets is apart te hou van vroulike diere (Afdeling 2.5 van Skedule G2). Alle ander diere moet negatief getoets wees vir TB en BM so na as moontlik aan die veilingsdatum maar nie langer as drie maande voor die veiling nie (Afdeling 2.6 van Skedule G2).

Die Genootskap het egter GEEN beheer oor:

- Immunisering en algemene gesondheidstatus van diere
- Teelgeskiktheid van bulle
- Vrugbaarheidstatus van die diere
- Ongeregistreerde diere